
# HOËRSKOOL BONNEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*

5 September 2025

**OMSENDBRIEF 24/2025**




**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Rugby:** Hoërskool Bonnievale is baie trots om aan te kondig dat twee van ons leerders, **JJ Ludick** en **Johaygon Botha**, gekies is vir die Boland O.15 Iqhawe Week 2025-span, wat hierdie Oktobervakansie in Outshoorn by Langenhoven Gimnasium plaasvind. Hierdie is 'n groot prestasie en 'n bewys van hulle talente. Ons wens hulle sterkte toe met die voorbereiding en oefeninge en glo hulle gaan ons skool met trots verteenwoordig. Baie geluk, die hele Bonnievale staan agter julle!

2. **Laser-run:** **Bernard** en **Emily Schoeman** neem Saterdag 6 September aan die Wes-Kaap Kampioenskappe vir Laser Run in Oudtshoorn deel. Ons wens hulle sterkte toe!

3. **ATKV Junior Huistaal Olimpiade:** Op Woensdag 3 September het 'n groep van 21 graad 7–9 leerders met groot opgewondenheid aan die ATKV Junior Huistaal Olimpiade deelgeneem. Dit was 'n wonderlike geleentheid waar hulle nie net hul taalvaardighede kon wys nie, maar ook nuwe ervaring en selfvertroue

opgebou het. Ons is trots op elke leerder wat hierdie uitdaging aanvaar het! Die volgende leerders het besonders goed presteer: **Arrielle Strauss**, **Zaylin Witbooi**, **Lunathi Mabuthile**, **Melanté Cape**, **Janien de Wet**, **Inathi Mabuthile** en **Linzay Jacobs**.

4. **Ma- en dogter-piekniek:** Ons is baie opgewonde om aan te kondig dat daar 'n ma- en dogter-piekniek gehou word **Saterdagoggend 27 September** vir alle hoërskooldogters en hul ma's en/of oumas. Kaartjies is R30 per persoon en kan vanaf Dinsdag 9 September by die finansiële kantoor gekoop word. Ligte verversings gaan bedien word. Kom geniet die oggend saam met ons!

5. **Kleredrag:** Ons let op dat daar verskeie hoërskoolseuns is wat hul grys skoolbroeke laat nouer maak om soos 'n "skinny" broek te sit. Ons skooldrag is standaard grys skoolbroeke en laat nie vreemde snitte toe nie. Ons vra die ouers van die betrokke seuns om onmiddellik u seun se broek te herstel of 'n nuwe standaardgrootte broek aan te koop. Ons streef na eenheid in ons voorkoms by die skool en leerders wat hierdie reël oortree vereenselwig hulle nie met hierdie eenheid nie.

6. **Kleredrag:** Ons het hierdie week agtergekom dat heelwat hoërskoolleerders nie dasse aanhet nie. Leerders wat twee dae in 'n ry nie 'n das aangehad het nie en ook geen skriftelike rede vanaf hul ouers verskaf het nie, het detensie gekry. Dit is u as ouer se verantwoordelikheid om te kyk dat u kind korrek geklee is wanneer hy/sy in die oggend die huis verlaat. Ons leerders dra tans wintersdrag by die skool tot nog vroeg in die vierde kwartaal. Dasse is verpligtend. 'n Serp vervang nie 'n das nie.

7. **Stiptelikheid:** Verskeie leerders daag in die oggende laat by die skool op met die verskoning dat die taxi laat was. Waardevolle onderrigtyd gaan verlore en dit weerspieël gewoonlik in die leerders wat klas mis se punte aan die einde van die kwartaal en aan die einde van die jaar. Ons sal dieselfde straf toeken vir leerders wat laat kom as gevolg van taxi's of busse as wat ons vir enige ander leerder toeken wat laat kom. Stiptelikheid is een van ons skool se twaalf kernwaardes en ons probeer hierdie waarde sterk onderrig omdat dit in sy/haar beste belang is. Die skool is nie 'n kliënt van die taxi's of die busse nie, u as betalende ouer is die kliënt en moet dus self probleme met taxi-dienste wat gereeld laat kom uitsorteer. U ondersteuning word waardeer.

8. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | **Kwartaal 3, Week 7** |
|---|---|
| Sa. 6 Sep. | Netbal Fast Five-toernooi te Paarl<br>Graad 1 Pa- en Seunoggend (meer inligting by mnr. Eddie Mathambo) |
| | **Kwartaal 3, Week 8** |
| Di. 9 Sep. | Laerskoolredenaars (klubhuis)<br>Universiteit Stellenbosch besoek graad 11's tydens LO Prakties |
| Wo. 10 Sep. | Hoërskoolredenaars (klubhuis)<br>Universiteit Stellenbosch besoek FW-klasse |
| Vr. 12 Sep. | Juf. Adéle le Roux verjaar<br>Netbalkursus: Mee. Michelle van Zyl, Chameron Mathys en Cornel Matthysen |
| | **Kwartaal 3, Week 9** |
| Wo. 17 Sep. | Ouers word deur WKOD per SMS of e-pos in kennis gestel van aansoeke vir gr. 2-7 en gr. 9-11 vir 2026. |
| Vr. 19 Sep. | Atletiek: Swellendam-aflosbyeenkoms |
| | **Kwartaal 3, Week 10** |
| Wo. 24 Sep. | Openbare vakansiedag: Erfenisdag (skool gesluit) |
| Vr. 26 Sep. | Graad 1 en 2-uitstappie |
| Sa. 27 Sep. | Ma- en dogter-piekniek<br>O.15-sewestoernooi |

| | **Kwartaal 3, Week 11** |
|---|---|
| So. 28 Sep. | Mnr. Michiel de Villiers verjaar |
| Ma. 29 Sep. | Graad 10-uitstappie |
| Wo. 1 Okt. | VRL-graadleiersverkiesing |
| Do. 2 Okt. | Matriekafskeid |
| Vr. 3 Okt. | Skool sluit vir Oktobervakansie (11:00) |

Seënwense!

S. Prins
Skoolhoof

> "God roep ons voortdurend uit ons gemaksone na verandering. Abraham moes sy vaderland verlaat. Moses moes die woestyn in. Petrus moes uit die boot klim. Dit is vir ons om die geloof te hê dat God ons deur die Winter van onsekerheid na 'n Lente van nuwe lewe bring."
>
> - Terblanche Jordaan

